# HARTLIK WELKOM BY ATKV-GOUDINI SPA

Dis al weer tyd vir die Goudini-span om al ons gaste by ons pragtige vakansieoord, ATKV-Goudini Spa, te verwelkom.

Hartlik welkom aan ons gaste wat ons vir die eerste keer besoek. Ons vertrou dat julle ook ’n onvergeetlike en wonderlike tyd hier by ons sal hê. Maak spesiale herinneringe wat julle vir jare lank kan koester.

Ons het ’n nuwe kiosk by die swembaddens gebou, en ons het die badkamers in die binneblok nader aan die kiosk geskuif. Die verhoog is ook ’n nuwe byvoeging tot die binneblok, en ons het aanttrekkamers by gevoeg.

**DINGE OM TE DOEN BY ATKV-GOUDINI SPA**

### Vermaak

Die skoon, vars Boland-lug bied almal die geleentheid om die oord op sy beste en op ’n unieke manier te ervaar.

Ons bied ’n opwindende en prettige daaglikse program vir die hele gesin. Daar sal ook gratis vertonings deur sommige van ons beste gaskunstenaars wees. Al ons gaste is welkom om hierdie gaskunstenaars tydens hul vakansie te geniet. Daar is ook heerlike fliekaande, opwindende dans- en talentkompetisies en vele meer. Neem gerus deel aan al hierdie spesiale aktiwiteite wat ons personeel met liefde vir jou aanbied.

### Speletjies, aktiwiteite en ontspanning

Geniet gerus ook ons fasiliteite vir jonk en oud, byvoorbeeld:

- Waterglybaan
- Minigholfbaan
- Trampoliene

- Speletjieskamer, insluitend potspel
- Tennisbane
- Vlugbalbaan
- Swembaddens
- Staproete
- Borrelbaddens (Bespreek en betaal asseblief eers by die swembad)

**Koswerf Restaurant**

Goudini Spa spog ook met 'n Koswerf Restaurant wat 'n groot verskeidenheid wegneemetes verskaf. Kyk gerus daagliks op die program vir aanbiedings.

**Kiosk**

Ons kiosk by die swembad verkoop oliebolle, Chip n Dip en ysdrankies.

**Halaal-restaurant**

Die Halaal-restaurant is langs die winkel. Hier bied ons al ons gaste 'n verskeidenheid wegneemetes.

**Winkel**

Die winkel bied alles wat jy nodig het, en jy hoef nie die oord te verlaat vir jou daaglikse brood, melk ens. nie. Dit sal alles hier beskikbaar wees, vir ons gaste se gerief.

**Word bederf by die spa**

Kom ervaar saligheid vir jou liggaam, gees en siel. Ons neem jou op 'n reis vol wonderlike ervarings om al jou spanning te verlig. Geniet 'n spesiale massering, voetbehandeling of kom doen net jou naels. Kyk na al die spesiale aanbiedings en besoek die spa agter die speletjieskamer.

**Noodhulp**

Neem asseblief kennis van die volgende rakende noodhulp:

- Die noodhulpkamer is by die swembaddens langs die Tulbach-eenhede.
- **Meld gerus by enige personeellid aan en vra vir noodhulpdienste.**
- Jy kan ook die hoofhek 24 uur per dag kontak op 023 349 8126 as 'n ambulans nodig is.
- Die meeste van die personeel het Noodhulp Vlak 1-opleiding en kan met kleiner beserings soos snye, ens. help.
- **BELANGRIK: DAAR IS 'n LEWENSREDDER BY ONS SWEMBADDENS. ONTHOU ASSEBLIEF DAT JOU KIND SE VEILIGHEID VIR ONS BELANGRIK IS. DIT BLY NOG STEEDS JOU VERANTWOORDELIKHEID OM JOU KIND ALTYD DOP TE HOU.**

**Wasgoed**

Hierdie fasiliteit is naby aan die tennisbane. As jy dit wil gebruik, kan jy munte by die winkel koop.

**Breede Rivier Vallei en omgewing**

Ons oord, ATKV-Goudini Spa, is in die asemrowende Breede Rivier Vallei geleë – 29 km vanaf ons naaste Boland-dorpie, Worcester. Ons omgewing is sonder twyfel 'n ware paradys vir buitelug-, natuurskoon- en avontuurliefhebbers. Vir die avontuurlustiges en die nuuskieriges is daar 'n hele paar aktiwiteite om te doen en plekke en aantreklikhede om te besoek:

- Die Opelugmuseum
- Nasionale Karoo Botaniese Tuine
- Kleinplasie
- Bosjes
- Die Vetspens
- Kanovaart
- 4x4-roetes

- Staproetes
- Bergfietsroetes
- Perdry
- Wildritte
- Plaasstalletjies

**Bewaring van fauna en flora**

Ons vra met erns al ons gaste, jonk en oud, om ons pragtige oord te versorg. Onthou asseblief:

- Geen plante mag beskadig word nie.
- Geen plante mag verwyder word nie.
- Geen plante mag saam met jou huis toe geneem word nie.
- Geen diere mag beseer word nie.
- Geen diere mag saam met jou huis toe geneem word nie.

Ons oord is deel van 'n kosbare fynbosekosisteem en ons wil jou byvoorbaat bedank dat jy ons fauna en flora respekteer. Indien enige van ons gaste hulself aan enige van die bogenoemde skuldig maak, sal daar ernstige gevolge wees.

Geniet jou vakansie by ons en wees verantwoordelik.

Vriendelike ATKV-groete

Pieter du Toit

Oordbestuurder

# OORDREËLS

Hoewel ons nie die indruk wil skep dat die ander oordreëls minder belangrik is nie, vestig ons graag die aandag op die volgende:

- Geen musiek word toegelaat nie, aangesien dit ander mense by die oord steur. Geen musiek mag uit voertuie gespeel word nie.
- Oormatige geraas of harde musiek sal op geen tydstip toegelaat word nie.
- Ná 23:00 saans moet daar stilte in die oord heers, en geen geraas sal dan geduld word nie. Na 'n tweede waarskuwing kan jy gevra word om die oord sonder 'n terugbetaling te verlaat.
- Enige persoon wat onder die invloed van drank is en hom of haar nie gedra nie, sal versoek word om die oord onmiddellik te verlaat.
- Geen dronkenskap sal op enige tydstip in die oord geduld word nie.
- Die gebruik van 'n Turkse waterpyp (*hubbly bubbly*) word nie toegelaat nie.
- Die bymekaarmaak van hout is verbode. Vuurmaakhout is by die winkel te koop.
- Die swembaddens is nie omhein nie. Babas, kleuters en ouer kinders se veiligheid is die persoon in wie se sorg hulle die oord binnekom se verantwoordelikheid.
- Babas moet ten alle tye 'n swemdoek dra terwyl hulle in die swembad is.
- Die swembaddens is hoogstens een meter diep aan die vlak kant. Ons beveel dus aan dat jy nie daar induik nie.
- U mag slegs in doelgemaakte swemdrag swem. Kortbroeke, onderklere en oefenklere is nie aanvaarbaar nie.
- Daar mag in geen swembad geëet, gedrink of gerook word nie – selfs die kinderswembad.
- Groot koelhouers, gazebo's en 'n oormatige gedrink en geraas rondom die swembaddens is streng verbode.
- Daar mag nie op die grasperke rondom die swembaddens gebraai word nie.
- Voorskoolse kinders moet altyd onder volwasse toesig by die swembaddens en op die speelterrein wees. Geen lewensredders is aan diens nie.
- Die paaie in die oord is openbare paaie; al die gebruiklike verkeersreëls geld dus. Hou asseblief by die spoedgrens wat in die oord aangedui word.
- Dit is ontoelaatbaar om saans sonder ligte in die oord rond te ry. Dit geld vir fietse en enige ander voertuie.
- Neem kennis dat ons hier by ATKV-Goudini Spa naby aan die natuur is. Wees dus op die uitkyk vir enige vorm van natuurlewe, soos slange, spinnekoppe ens. en hanteer dit asseblief met respek.
- Geen troeteldiere word in die oord toegelaat nie.

# Bedryfsure

## Ontvangs – 023 349 8100

| | |
|---|---|
| Sondae–Donderdae | 08:00–17:00 |

| | |
|---|---|
| Vrydae | 08:00–19:00 |
| Saterdae | 08:00–15:00 |

## Koswerf Restaurant & Halaal Restaurant 023 349 8153/023 349 8145

| | |
|---|---|
| Maandae–Saterdae | 08:00–21:00 |
| Sondae | 08:00–18:00 |

## Winkel – 023 349 8152

| | |
|---|---|
| Maandae–Saterdae | 08:00–21:00 |
| Sondae | 08:00–18:00 |

## Minigholf, trampoliene en *super tube*

| | |
|---|---|
| Maandae–Saterdae | 09:00–19:00 |
| Sondae | 09:00–16:00 |

## Spa

| | |
|---|---|
| Maandae–Saterdae | 08:00–17:00 |
| Sondae | Gesluit |

# Hoogtepunte

- Karaoke
- Fliekaand
- Vyf-aan-’n-kant-sokker

- Gladiator-uitdagings
- Kragpaartjie
- Ontsnap die Kamer
- Freesfaktor
- Dansuitdaging
- Lipsinkkompetisie
- Vroom-uitdaging
- Water olimpiese spele

## Aktiwiteite waarvoor jy moet inskryf

- Vyf-aan-'n-kant-sokker
- FIFA PS4
- Vroom-uitdaging
- Lipsinkkompetisie
- Karaoke
- Danskompetisie
- Minigolf
- 8-bal-potspelkompetisie
- Tafeltenniskompetisie
- Waterpolo
- Gladiator-uitdagings
- Raakrugby

- Kragpaartjie
- Ontsnap die Kamer
- Water olimpiese spele

## Vrydag, 3 Oktober 2025

Tema van die vakansie: Floral Fiesta Fees

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Welkom by ATKV-Goudini Spa!**<br>**Koswerf is gereed vir die hele gesin**<br>Die beste manier om die vakansie te begin is met 'n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant.<br>WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings.<br>Ons doen ook aflewerings! | Restaurant |
| 14:00 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 19:00 | **Musiekvasvra**<br>Hoe goed ken jy jou musiek?<br>Probeer ons vasvra en vind uit of jy ons volgende fliekmaestro is. | Swembadverhoog |
| 19:30 | **Liefde, lag en karaoke**<br>Deel in die pret vir 'n goue kaartjie of houtmikrofoon.<br>Karaoke is nie grappies nie! | Swembad-verhoog |

# Saterdag, 4 Oktober 2025

Tema van die dag: Skouspel Saterdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–17:00 | **Ontspan Skoonheidspa**<br>**Wil jy 'n bietjie ontspan?**<br>**Wat van jy doen 'n bietjie jou naels?**<br>**Of selfs 'n massering om jou nuwe lewe te gee?**<br>**Kom maak dan 'n draai by ons skoonheidspa.**<br>**Kontak 023 349 8162 vir besprekings of e-pos**<br>**goudinispa@atkv.org.za** | Spa |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 10:00 | **Pret saam met ons maskotte**<br>Sing en dans saam met ons maskotte, Goudi en Nispa. | Feesterrein |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:00 | **Afrikiti-ysbreker**<br>Hoe goed kan jy vang? Probeer die bal vang voor dit aan die water raak. Klomp pryse te wen! | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| 11:15 | **Terug na die grondbeginsels**<br>Rug aan rug, haak arms in, hardloop diagonaal en kyk wie wen. | Feesterrein |
| 11:30 | **Balledans**<br>Staan in 'n sirkel, stuur die bal aan en die persoon wat die bal het wanneer die musiek ophou, is uit! | Feesterrein |
| 11:45 | **Op jou ouers se skouers**<br>Kinders staan op hul ouers se skouers. Maak seker jy hou 'n veilige afstand. Wie sal die laaste oorblywende span wees? | Feesterrein |
| 12:00 | **Goudini Step Up-danskompetisie**<br>So, jy dink jy kan dans?<br>Sleutel jou naam in en vind uit of jy die uiteindelike danskampioen gaan wees. Onthou om jou dansgees te bring, want die skare gaan die wenner beoordeel!<br>Beperkte inskrywings. | Feesterrein |
| 15:00 | **Water- Olimpiese Spele**<br>Dis ons eie interhuisspele waar spanne van ses hul verskeie huise verteenwoordig! Mag die beste huis wen! | Feesterrein |
| 16:00 | **Sokker**<br>Vyf-aan-'n-kant-toernooi.<br>Beperkte inskrywings van 12:00 tot 14:00. | Dagbesoekersveld |

| | | |
|---|---|---|
| 19:30 | **Divo Dinamiet**<br>Maak gereed vir 'n plofbare aand vol talent terwyl die ongelooflik talentvolle Vezz the Singing Chef en Ghishaam Paulsen hul unieke en kragtige vokale vermoëns ten toon stel. | Swembad-verhoog |

## Sondag, 5 Oktober 2025

Tema van die dag: Sonneblom-Sondag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–18:00 | **Geriefswinkel**<br>Vir 'n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede. | Winkel |
| 10:00 | **Popavonture van Goudi en Nispa**<br>Kom geniet 'n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker en opvoedkundige avonture! | Swembadverhoog |
| 11:00 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 12:00 | **Lê die oomblik vas**<br>Wys ons jou gunstelingfoto of -video van jou tyd by ons vakansie-oord. | Feesterrein |
| 16:00 | **PS4 FIFA-toernooi**<br>Uitkloptoernooi om ons groot kampioen te bepaal! Beperkte inskrywings. | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| 19:30 | **Fliek onder die sterre**<br>Bring jou kampstoel of kombers en geniet die grootskermfliek by die swembad. | Swembadverhoog |



## Maandag, 6 Oktober 2025



Tema van die dag: Magrietjie-Maandag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Koswerf is gereed vir die hele gesin**<br>Die beste manier om die vakansie te begin, is om ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant te geniet.<br>Vir besprekings, WhatsApp 076 833 9999.<br><br>Ons doen ook aflewerings! | Restaurant |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 09:30 | **Popavonture van Goudi en Nispa**<br>Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker en opvoedkundige avonture! | Swembadverhoog |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:00 | **Afrikiti-ysbreker**<br>Swembad in twee dele gedeel, elke kant kry die kans om ’n | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| | vlieënde frisbee te vang sonder dat dit aan die water raak. Die eerste met 10 punte wen. | |
| 11:15 | **Perdryresies**<br>Spanne van twee hardloop oor die swembad met hul spanmaat op hul rug; vyf spanne op 'n slag. | Feesterrein |
| 11:30 | **Blindemol**<br>Duik items uit die swembad uit terwyl jy geblinddoek is. Beperkte inskrywings. | Feesterrein |
| 12:00 | **Sakresies**<br>Sit twee voete in 'n sak en hop van een plek tot die volgende. | Feesterrein |
| 12:30 | **Drie stokkies**<br>Hier is 'n speletjie uit die ou dae vir alle ouderdomme waar jy tussen drie stokkies moet spring om jou vêrspringvermoëns te toets. | Feesterrein |
| 14:00 | **Angry Birds**<br>Skiet al jou frustrasies weg en jy wen dalk 'n prys. | Feesterrein |
| 16:00 | **Minigolf met musiek**<br>Die beste telling aan die einde wen.<br>Neem asseblief kennis van die verskillende ouderdomsgroepe.<br>Junior deelnemers doen 'n halwe baan.<br>Beperkte inskrywings! | Minigolfbaan |
| 19:00 | **Spel en giggel**<br>Kom geniet 'n prettige aand met speletjies soos Domino's, Bingo, vingerborg, ens. | Feesterrein |

# Dinsdag, 7 Oktober 2025

Tema van die dag: Delfinium-Dinsdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Geriefswinkel**<br>Vir 'n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede. | Winkel |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 09:45 | **Pret saam met ons maskotte**<br>Sing en dans saam met ons maskotte, Goudi en Nispa. | Swembadverhoog |
| 10:00 | **Huisvlytsessies**<br>Verander gewone items in buitengewone dinge.<br><br>Die beste dinge in die lewe is handgemaak! | Feesterrein |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:00 | **Afrikiti-ysbreker: Golden retriever**<br>Kleurvolle balle aan een kant van die swembad, in vier dele gedeel; elke deel het 'n emmer. Die deel met die meeste balle na vyf rondtes wen. | Feesterrein |
| 11:15 | **Stoeledans**<br>Hardloop om vier kegels; as die musiek stop en jy sit nie op 'n | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| | stoel nie, is jy uit. | |
| 11:45 | **Breinvrieswedloop**<br>Spanne van twee veg mekaar in hierdie klassieke. | Feesterrein |
| 12:00 | **Opwipboontjiesakke**<br>Spanne van vyf teen mekaar. Kom ons kyk wie die meeste bone in die sak het. | Feesterrein |
| 12:15 | **Waterballongooi**<br>Twee mense gooi 'n waterballon vir mekaar; die afstand raak verder en verder. Kyk wie die verste kan gooi sonder dat die ballon bars. | Feesterrein |
| 12:30 | **Waterbomkompetisie**<br>Wie kan die grootste plons maak? | Feesterrein |
| 14:00 | **The Fast and the Furious Vroom!**<br>Voel soos 'n F1-renjaer en geniet ons pasgemaakte Goudini-kar. | Feesterrein |
| 16:00 | **8-balbiljart-potspeluitdaging**<br>Sink balle soos 'n kampioen en wen op die potspeltafel. Moenie opgee tot die laaste bal in is nie! | Speletjieskamer |
| 19:30 | **Lipsinkkompetisie**<br>Trek mooi aan, gaan bos en lipsink op jou gunsteling-gesinsvriendelike liedjie. Beperkte inskrywings. | Swembadverhoog |

## Woensdag 08 Oktober 2025

Tema van die dag: Waterlelie-Woensdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–17:00 | **Ontspan Skoonheidspa**<br>Wil jy 'n bietjie ontspan?<br>Wat van jy doen 'n bietjie jou naels?<br>Of selfs 'n massering om jou nuwe lewe te gee?<br>Kom maak dan 'n draai by ons skoonheidspa.<br>Kontak 023 349 8162 vir besprekings of e-pos<br>goudinispa@atkv.org.za | Spa |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 10:00 | **Pret saam met ons maskotte**<br>Sing en dans saam met ons maskotte, Goudi en Nispa. | Feesterrein |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:00 | **Bal in die lug**<br>Almal in die swembad moet die bal in die lug hou voordat die water tref. | Feesterrein |
| 11:15 | **Musikale hoelastaan**<br>Hardloop om hoelas en wanneer die musiek stop en jy staan nie in 'n hoela nie, is jy uit. | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| 11:45 | **Musiek stop en drop**<br>Almal dans op die musiek.<br>As die musiek ophou, dan is die laaste persoon wat sit, uit. | Feesterrein |
| 12:00 | **Junior Gladiator**<br>Die een wat die hindernisbaan die vinnigste voltooi sal met die titel van finale Junior Gladiator wegstap.<br>Beperkte inskrywings! | Feesterrein |
| 15:00 | **Gladiator**<br>Enigiemand kan oefen om ’n gladiator te wees; wat merk jou as die een met die gesindheid van ’n kampioen?<br>Beperkte inskrywings! | Feesterrein |
| 17:00 | **Blitzbok-raakrugby**<br>Systappe, uitswaaie, lynstaan – dis alles wat ’n supertoernooi uitmaak. Sewe aan ’n kant. | Dagbesoekersveld |
| 20:00 | **Midweek-melodieë**<br>Maak gereed om geboei te word deur die ongelooflik talentvolle vokale vermoëns van Desmond Wells. | Swembadverhoog |

## Donderdag, 9 Oktober 2025

Tema van die dag: Duister Donderdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Koswerf is gereed vir die hele gesin**<br>Die beste manier om die vakansie te begin, is om ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant te geniet. | Restaurant |

# ATKV-Goudini Spa Program

Vir besprekings, WhatsApp 076 833 9999.
Ons doen ook aflewerings!

| | | |
|---|---|---|
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Swembadverhoog |
| 09:45 | **Popavonture van Goudi en Nispa**<br>Kom geniet 'n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker en opvoedkundige avonture! | Swembadverhoog |
| 10:00 | **Huisvlytsessies**<br>Verander gewone items in buitengewone dinge.<br><br>Die beste dinge in die lewe is handgemaak! | Feesterrein |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:15 | **Afrikiti-ysbreker: Kop of stert?**<br>Almal kan kies – hulle hou of hul kop of stêre vas, skiet die muntstuk op en dié wat vashou waarop dit ook al land (kop of stert), is uit. | Feesterrein |
| 11:30 | **Terug na die grondbeginsels**<br>Rug aan rug, haak arms in, hardloop diagonaal en kyk wie wen. | Feesterrein |
| 11:45 | **Hoededans**<br>Almal staan in 'n sirkel en sit die hoed op mekaar se koppe, en die persoon wat die hoed op het wanneer die musiek stop, is uit. | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| 12:15 | **Master Blaster**<br>Dis meisies teen seuns in hierdie waterpistooluitdaging. | Feesterrein |
| 12:30 | **Koesbal (*Dodgeball*)**<br>Almal hardloop van een punt na die ander en as hulle deur 'n sagte bal getref word, is hulle uit. | Feesterrein |
| 14:00 | **Vreesfaktor**<br>Staar jou vrese in die gesig in hierdie vreesaanjaende uitdaging. Beperkte inskrywings. | Feesterrein |
| 16:00 | **Tafeltenniskompetisie**<br>Wie gaan ons beste tafeltennisspeler wees? Uitklopformaat. Almal welkom! | Speletjieskamer |
| 19:30 | **Ontsnap die Kamer**<br>Het jy wat dit vat om die kamer te ontsnap? Spanne van vyf het 10 minute om die uitdaging te voltooi! Mag die beste span wen. | Swembadverhoog |

## Vrydag, 10 Oktober 2025

Tema van die dag: Fynbos Vrydag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–17:00 | **Ontspan Skoonheidspa**<br>**Wil jy 'n bietjie ontspan?**<br>**Wat van jy doen 'n bietjie jou naels?**<br>**Of selfs 'n massering om jou nuwe lewe te gee?**<br>**Kom maak dan 'n draai by ons skoonheidspa.**<br>**Kontak 023 349 8162 vir besprekings of e-pos goudinispa@atkv.org.za** | Spa |
| 09:15 | **Radio Goudini** | Swembadverhoog |

| | | |
|---|---|---|
| | Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | |
| 10:00 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en verbeterde spiertonus en -krag. | Feesterrein |
| 11:00 | **Springtou-uitdaging**<br>Wie kan die langste spring? | Feesterrein |
| 11:15 | **Driebeenresies**<br>Twee mense, een voet van elk is aan die ander s'n vasgebind; hardloop tot by 'n sekere punt en terug. | Feesterrein |
| 11:30 | **Happy Feet-pikkewynloop**<br>Wie kan die vinnigste loop met hul voete vasgebind? | Feesterrein |
| 11:45 | **Bandrolresies**<br>Twee op 'n slag teen mekaar wat hul bande van een punt tot die volgende rol. | Feesterrein |
| 12:00 | **Hop**<br>Vier spelers op 'n slag in hierdie handjietennisuitdaging! | Feesterrein |
| 12:30 | **Hoelahoepeluitdaging**<br>Kom ons kyk wie kan die langste hoela.<br><br>Alle ouderdomme welkom. | Feesterrein |
| 14:00 | **Musiekmalligheid** | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| | Kom ons toets jou algemene kennis.<br>Baie pryse te wen! | |
| 16:00 | **Watervlugbal**<br>Laat ons plons.<br>Almal welkom! | Feesterrein |
| 20:00 | **Liefde, lag en karaoke**<br>Deel in die pret vir 'n goue kaartjie of houtmikrofoon. Karaoke is nie grappies nie! | Swembadverhoog |

## Saterdag, 11 Oktober 2025

Tema van die dag: Sosiale Saterdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Geriefswinkel**<br>Vir 'n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede. | Winkel |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Feesterrein |
| 09:45 | **Pret saam met ons maskotte**<br>Sing en dans saam met ons maskotte, Goudi en Nispa. | Swembadverhoog |
| 10:15 | **Huisvlytsessies**<br>Verander gewone items in buitengewone dinge.<br>Die beste dinge in die lewe is handgemaak! | Feesterrein |
| 10:30 | **Wateroefeninge**<br>Kom ons werk aan gesondheidsvoordele, soos verbeterde hartgesondheid, verminderde spanning en | Feesterrein |

| | | |
|---|---|---|
| | verbeterde spiertonus en -krag. | |
| 11:00 | **Hoelakruipers**<br>Spanne van vyf kruip deur hoelahoepels in hierdie buitengewone resies. Beperkte inskrywings. | Feesterrein |
| 11:30 | **'n Kruiwa van mense**<br>Spanne van twee ding mee in hierdie klassieke resies. | Feesterrein |
| 12:00 | **Balonhonderdpote**<br>Spanne van vyf rondom die swembad met ballonne tussen hulle. | Feesterrein |
| 15:00 | **Kragpaartjie**<br>Wie gaan hierdie lente die paartjie wees? | Feesterrein |
| 16:00 | **Waterpolo**<br>Handsokker in die swembad.<br>Spanne van ses.<br>Kom deel aan die pret.<br>Inskrywings vanaf 12:00. | Feesterrein |
| 19:30 | **Beauty and the Beat**<br>Diva Karin Kortje en die fenomenale sosialemediaplatejoggie Tashriek laat hul talente saamsmelt vir 'n onvergeetlike aand. | Swembadverhoog |

## Sondag, 12 Oktober 2025

Tema van die dag: Salige Saterdag

| | | |
|---|---|---|
| 08:00–21:00 | **Geriefswinkel**<br>Vir 'n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede. | Winkel |
| 09:15 | **Radio Goudini**<br>Ons interaktiewe radiostasie by die swembad met die jongste nuus, weer, sportsbyeenkomste en lekker kompetisies. | Feesterrein |

Neem asseblief kennis dat enige besoekers wat aan enige ATKV-aktiwiteite deelneem dit op eie risiko doen. Ons versoek ouers om te verseker dat hul kinders onder toesig is wanneer hulle aan die aktiwiteite deelneem. Die ATKV en sy werknemers is nie aanspreeklik vir enige skade, besering of verlies wat voortspruit uit deelname aan enige aktiwiteite nie. Alle aktiwiteite kan deur die weer beïnvloed word. As dit reën, sal alternatiewe aktiwiteite in die Shiraz-saal plaasvind. Ons nooi al die volwassenes om ook aan ons vakansieprogram deel te neem.

DIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING.


# Gaskunstenaars



**Karin Kortje**



**Vezz**



**Desmond Wells**



**Tashriek**



Ghishaam Paulsen

# Borge

clutch closet
BY AMINA

Spur Steak Ranches
TOMAHAWK
SPUR
GOODWOOD

Eskimo Joe's

Cuddle Pals
Cuddle with love

Dairymaid

Jimmy's Sauces
#1
Cooking & Grill Sauce

| | |
|---|---|
| **NOODKONTAKNOMMERS/Polisie** | |
| Rawsonville Polisie | 023 349 8300 |
| Worcester Polisie | 023 348 8600 |
| Wolseley Polisie | 023 231 8000 |
| **Sekuriteitsfirmas** | |
| LTS (24/7 kontrolekamer) | 0814651998 |
| | 0813573108 |
| Kantoor | 0233427757 |
| **Dokter** | |
| Dr Truter (Rawsonville) | 023 349 1383 |
| Rawsonville Kliniek | 023 349 1042 |
| EXP Mediese Sentrum (Worcester) | 023 347 2724 |
| **Hospitaal** | |
| MediClinic (Worcester) | 023 348 1500 |
| MediClinic (Worcester) Ongevalle | 023348 1578 |
| Worcester Hospitaal | 023 348 1100 |
| Ceres Hospitaal | 023 316 9600 |
| Netcare Ceres | 023 316 1304 |
| **Ambulansdienste** | |
| Worcester-ambulansdienste | 023 341 0177 |
| Ceres-ambulans | 023 316 1350 |
| ER24 | 084 124 |
| Prioriteitsorgambulans | 076 208 7662 |
| **Tandarts** | |
| Dr. M Marais (Rawsonville) | 023 349 6744 |
| 360° Dental (Worcester) | 023 342 1170 |
| Dental Wize (Worcester) | 023 347 2915 |

*POSBUS 111, RAWSONVILLE, 6845 TEL: +27(0) 23 34 9 1719 info@breedekloof • www.breedekloof.com*